12 September 2019

Rdsl. M. Segede
Uitvoerende burgemeester
Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit
Mutualstraat
UPINGTON
8801

Geagte rdsl. Segede

**PROTESOPTREDE**

Ons, die lede van AfriForum tesame met die gemeenskap van Upington, betoog vandag voor u kantoor omdat ons antwoorde eis oor die volgende sake:

**1. Sakkie se Arkie**

Die gemeenskap eis die behoud van Sakkie se Arkie op die rivier in Upington weens redes wat aan almal bekend is. Hiermee versoek ons een van die volgende twee opsies:

i. dat Sakkie se Arkie bly waar dit is en steeds bedryf word soos wat tans die geval is; of
ii. dat die munisipaliteit die Rosepark beskikbaar stel vir die toekomstige bedryf van Sakkie se Arkie. Voorwaardes kan met die eienaar ooreengekom word.

Upington se ekonomie en toerisme sal daaronder ly as Sakkie se Arkie nie meer bedryf word nie. Op 16 Augustus 2018 het die gemeenskap ook voor u kantoor betoog om ander opsies te bespreek. U het nie daaraan gehoor gegee nie; daarom vra die gemeenskap weer vir ’n geleentheid om binne die volgende twee weke met u in gesprek te tree.

**2. Die gehalte van ons rivierwater**

Ons is bekommerd oor die hoeveelheid rioolwater wat weens die stukkende pyp in die rivier gestort word. AfriForum eis antwoorde oor fondse wat vir die herstel van dié pyp beskikbaar gestel is. Die besoedeling van ons rivierwater kan ’n beduidende ekonomiese invloed op die uitvoer van ons druiwe hê en grootskaalse werkloosheid

**Adres:** H.v. D.F. Malan- en Unionlaan, Kloofsig, Centurion • **Posadres:** Posbus 17216, LYTTELTON, 0140 • **Tel.:** 086 10 200 30 • **Faks:** 012 611 1281
Ledesake – **Faks:** 012 644 0342 • **E-pos:** afriforum@afriforum.co.za • **Direkteure:** Me. A. Bailey, mnr. P.J.W. Buys, mnr. F.J.D. de Klerk, mnr. G.R. de Vries, prof. D.P. Goosen, dr. D.J. Hermann, mnr. C.M. Kriel, ds. D. Laufs, prof. J.J. Malan en mnr. W.J. Nel • **Maatskappysekretaris:** Mnr. N.H. Arnold
• **Registrasienommer:** 2005/042861/08 • **OSW-nommer:** 054 - 590

www.afriforum.co.za • 086 10 200 30

Deel van die Solidariteit Beweging

veroorsaak. Indien u ons nie binne die volgende twee weke van antwoorde kan voorsien nie, behou ons ons regte voor om ’n PAIA-aansoek te rig.

**3. Hoë kragtariewe**

AfriForum ontvang klagtes oor kragtariewe wat die hoogte inskiet. Ons versoek dus redes waarom Upington se kragtariewe van die duurste in die Noord-Kaap is.

Ons vertrou dat u hierdie memorandum in die goeie gesindheid ontvang waarmee dit geskryf is. Voorsien ons asseblief binne 7 werksdae ná ontvangs hiervan van skriftelike terugvoer.

Groete

**W. Strauss**
**Voorsitter: Upington-tak**
**AfriForum**
**Sel: 076 434 9379**
**E-pos: autostrauss@gmail.com**

**Erkenning van ontvangs**
**Rdsl. M. Segede**

____________________